**BYLAE B**

**BOUREëLS & ONTWIKKELINGSRIGLYNE**

Met verwysing tot alle bouwerk binne Uitsigpark is die volgende boureëls van toepassing:

1. Finale goedgekeurde argiteksplanne deur die Drakenstein Munisipaliteit moet ingedien word by die Voorsitter van die Uitsigpark Huiseienaarsvereniging vir finale aftekening en goedkeuring deur die Bestuurskomitee van die Uitsigpark Huiseienaarsvereniging ("Die Komitee"). Die Komitee se stempel moet op die finale planne wees.

2. Indien die drie meter boulyn volgens die planne oorskry word, moet die nodige skriftelike toestemming vir sogenaamde oorskryding vanaf u onmiddellike bure verkry word. Afskrifte van hierdie toestemmings moet saam met bogenoemde planne aan Die Komitee voorgelê word.

3. U watermeter moet aan Munisipale toevoer gekoppel wees en 'n watermeterlesing moet deur Die Komitee geneem word alvorens bouwerk begin.

4. Waterverbruik vir alle bouwerk is agterna betaalbaar aan die Huiseienaarsvereniging voor die 7de van elke maand.

5. Die nodige toiletgeriewe vir boukontrakteurs moet aangebring word en behoorlik gekoppel word aan die munisipale rioolstelsel.

6. 'n Terugbetaalbare deposito van R10 000.00 (Tien duisend rand) is aan die Huiseienaarsvereniging betaalbaar alvorens bouwerk in aanvang neem.

7. Bouwerk kan slegs geskied op weeksdae (Maandag tot Vrydae) vanaf 08H00 – 17H00 (geldig vanaf April tot September) en vanaf 07H00 tot 18H00 (geldig vanaf Oktober tot Maart).

8. Bouwerk mag Saterdae en vakansiedae geskied tot 12H00. Geen boukontrakteurs mag Saterdae en vakansiedae na 12H00 op perseel toegelaat word nie.

9. Kontrakteurs sal beboet word indien daar nie by werksure (sien punt 6 en 7 hierbo) gehou word nie en kan aanleiding gee dat u die deposito (verwys na punt 10 hieronder) verbeur.

10. Enige skade aan die Uitsigpark eiendom, hetsy geboue, toegangshekke, elektriese heining, omheining, paaie, sypaadjies, grasperke, tuine ens. sal verhaal word van u deposito. Enige restant koste na sogenaamde verhaling sal as `n addisionele koste vir die eienaar se rekening wees.

11. Laasgenoemde deposito is terugbetaalbaar indien alle boureëls behoorlik nagekom word d.w.s. netto van enige skade aangerig, agterstallige waterrekening en heffings en die verwydering van alle bourommel vanaf die bouperseel en gemeenskaplike areas.

12. Gedurende bouwerk moet daar altyd ‘n ”skip” op die bouperseel wees en sodra dit vol is, moet dit omgeruil word.

13. Geen bourommel mag op perseel verbrand word nie; ook nie in dromme nie.

14. Daar moet ten alle tye streng toesig gehou word oor die bouspan. U, as eienaar, is ten volle verantwoordelik vir die bouer en al sy personeel se aksies ten tyde van die bouwerk.

15. Slegs teëldakke word toegelaat.

16. Slegs alluminium of hout vensterrame word toegelaat.

17. Alle bouwerk moet gepleister word, tensy die woning van siersteen gebou word. Geen bakstene mag dus geverf word nie.

18. Geen omheinings mag aan die straatfront wees nie. Omheinings word slegs vanaf die voorlyn van die huis na grense en agter toegelaat. Sigbare omheinings moet dieselfde afwerkings hê as die van die woning.

19. Dubbelverdiepings is slegs toelaatbaar op erwe 12830, 12831, 12832, 12833 en 12834.

20. Die muurplaathoogte mag maksimum 3 meter hoog wees gemeet vanaf die vloervlak.

21. Wonings moet oor `n dubbelmotorhuis beskik; langs mekaar of twee enkel motorhuise. Die deure moet van hout of glasvesel wees.

22. Die oppervlakte van enige woning (woonhuis ingesluit) mag nie minder as 250m² wees nie. Alternatiewelik mag die totale bedekking van die erf onderdak nie minder as 35% wees nie – ingesluit alle buitegeboue.

23. Alle afdakke moet dieselfde struktuur as die van die betrokke woning hê. Geen sinkdakke, platdakke of skadunetstrukture sal toegelaat word nie.

24. Geen bome mag op sypaadjies geplant word nie. Indien enige dienste beskadig word, sal dit vir die rekening van die eienaar wees.